# SAHARA AVONTUUR REEKS

## 3. Die Skarlaken Ruiters



MEIRING FOUCHE

# DIE SKARLAKEN RUITERS

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

en

proeflees en redigering deur
**PIETER HAASBROEK**

*Gepubliseer deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2025

**DIE SKARLAKEN RUITERS**

Die voorblad illustrasie vir die Sahara Avontuur Reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

DIE SKARLAKEN RUITERS
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-02-5

Gepubliseer deur:
Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)
Aanlyn Stoor: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Die verhaal begin met Fritz Mundt, die sterkste man in die Franse Vreemdelegioen, wat kla oor ’n sending om ’n medalje aan ’n bejaarde Arabier, El Abbas, te gaan oorhandig. Teuns Stegmann, ’n lang Suid-Afrikaanse legioen soldaat, weerlê Fritz se geklaery deur El Abbas se lojaliteit aan Frankryk te beklemtoon. Die groep, gelei deur kaptein D’Arlan, marsjeer deur die Sahara, waar hulle ’n bisarre toneel aanskou. Legioenmanne te perd wat ’n kameelkaravaan in die verte aanval en verslaan. D’Arlan is uiters geskok en verbaas, veral nadat hy ontdek dat hierdie aanvallers ook soldate van die Legioen is. Die situasie word nog meer verdag wanneer ’n moderne Metro-rewolwer, wat nie aan die Legioen uitgereik is nie, op die toneel gevind word.

Die verhaal word meer intens wanneer die patrollie El Wadak, El Abbas se oase, bereik en vind dat die atmosfeer daar verander het. Die eens vriendelike dorpenaars is vyandiggesind, en El Abbas is gekruisig, wat die Legioen van verraad beskuldig voordat hy sterf. D’Arlan verneem dat dieselfde groep soldate wat hulle vroeër waargeneem het, die dorp se jong vroue ontvoer het. Teuns Stegmann, ’n lojale soldaat, raak verstrengel met die gevaarlike Helmuth en swig voor sy hipnose. D’Arlan en sy manne word gevange geneem deur ’n Duitser met die naam Heinz Dietrich, wat kop in een mus is met die Doelak-koningin, El Karima.

Teuns beraam ’n gewaagde plan om sy kamerade te bevry en Dietrich gevange te neem. Later bevind D’Arlan hom nie net teen die toorn van El Karima nie, maar ook Dietrich se verraad en die hipnotiese kragte van Helmuth. Maar aan die einde vind Teuns ’n slim manier om die dag te red. Sal hy egter die geheime wat begrawe is binne El Karima se web van bedrog ontbloot, of sal die woestyn al sy geheime opeis?

## UITTREKSEL

Die masjiengewere blaf steeds ononderbroke dood en verwoesting uit. Maar van die aanvallers dring deur tot onder die mure.

Aan hulle kan nou niks meer gedoen word nie. Die manne het streng bevele om hulle nie bloot te stel nie, want as hulle die Arabiere hier onder die mure wil doodskiet, moet hulle opstaan en oorleun.

En die Arabiese lood sing nou warm en dig oor die fort se mure. Duisende Arabiere het binne trefafstand uit die saals gespring en op die sand plat geval. Hulle blaker die borswerings se granietmure sodat die vonke spat.

Perde hardloop in wilde, fantastiese kringe oor die dooies wat soos ’n donker plaat hier op die sand lê. En elke minuut sterf nog Arabiere daar op die sand, want ’n dodelike vuur word hier van die borswerings af volgehou. Maar agter die wat sterf, wag nog duisende wat die voorstes volg...

En toe kom die tweede vlaag aangestorm... donderend en skreeuend, net soos die eerste een. Weer die aaklige slagting van lood wat deur ruiters en perde skeur. Nog enkeles dring deur na die muur met ysterhakke en toue. Hordes spring uit perde se saals en val dan plat op die sand. Nou sing die lood nog digter oor die fort se mure.

En toe, met ’n sagte swisj... swaai die eerste haak hoog oor die borswering en die ysterhaak slaan klappend en klingelend agter die borswering vas.

# 3. DIE SKARLAKEN RUITERS

## Hoofstuk 1

### DIE VREEMDELINGE

“Hierdie is sommer alles nonsens,” brom Fritz Mundt, die Duister, die grootste en sterkste man in die Franse Vreemdelegioen, terwyl hy ’n yslike rooi sysakdoek uittrek en daarmee die sweet van sy breë nek afvee. Hierdie lelike sakdoek het hy glo eenkeer in Algiers by ’n vrolike Algerynse weduwee gekry, wat hom daarna van al sy vakansiegeld verlos het, nadat hy ’n derde bottel suur wyn weggeslaan het. “’n Medalje moet aan ’n ou geelbek gegee word en dan moet ons myle deur die sand en hitte aanslof, om dit aan hom te gaan gee. Vir wat kon D’Arlan nie ’n perd gevat het en die vrotsige medalje self gaan oorhandig het nie?”

“Jy kla jou nog dood, ou grote,” sê Teuns Stegmann, die groot, blonde Suid-Afrikaner wat hier langs die Duitser deur die hittige Sahara son aanslof. “Jy behoort geëerd te voel dat die *Capitaine* ons paar gekies het om hom op hierdie sending te vergesel. Hierdie is ’n spesiale sending en ou El Abbas verdien dit om ’n medalje van die Franse regering te kry. Getroue Arabiere kan ’n mens amper op jou vyf vingers aftel en ou El Abbas is een van hulle. Môre is hy sewentig jaar oud en hy het vir die Vreemdelegioen nog nooit enige moeilikheid gemaak nie. Hy is ’n goeie vriend van Frankryk, gee dus die duiwel wat hom toekom.”

“Wat van die kolonel, kon hy nie dalk hierdie ellendige medalje ook gaan oorhandig het nie? Hy kan net ’n perd vat.”

“Omdat kolonel Le Clerq ander pligte het,” spot Jack Ritchie, die Engelsman wat aan die ander kant van Fritz stap. “Die kolonel het meer om te doen as om medaljes uit te deel. Dit is daarom dat hy D’Arlan gestuur het. Buitendien, wie weet watter mooi dingetjie loop jy nie nog vanaand in die oase El Wadak raak nie...”

Fritz proes net en dit is heeltemal duidelik dat al hierdie praatjies nie sy sorge enigsins verlig nie. Hy loop swygsaam voor hom deur die hitte en uitstaar. Hy sien hoe dat kaptein D'Arlan se kepie se lang wit val in die ligte luggie fladder, waar hy hier aan die kop van sy klein kolonne van twintig manskappe deur die brandende sand aanstryk.

"Vat maar 'n slukkie water, maarskalk Rommel," spot Podolski die Pool, hier agter Fritz en gee sy waterfles aan. Fritz se waterfles is al reeds 'n uur gelede leeg, want dit vat baie water om sy groot karkas aan die gang te hou.

Fritz ruk die fles uit Podolski se hand en neem 'n groot sluk. Die volgende oomblik ruk hy vooroor soos hy hoes en proes, want Podolski het sy water taamlik sterk met brandewyn aangemaak. Fritz bulder eintlik soos hy hoes en proes en D'Arlan, die klein blas mannetjie aan die kop van die strepie manskappe, wil net omswaai om te kyk wat gaande is, toe sy oog iets anders vang...

"Halt!" roep die kaptein gebiedend en die manne hoef nie twee maal genooi te word om tot stilstand te kom nie. Hulle gaan leun op hul lang gewere en toe kyk hulle die eerste maal werklik op. Die son staan laag bo die westelike gesigseinder en 'n koel luggie het opgestaan van die Atlasberge se kant af, wat ver op regs deur die blou dynserigheid op troon.

"Wat die duiwel," sê D'Arlan en ruk sy verkyker voor sy oë.

Hulle is hier op 'n groot sandplato wat so gelyk is soos 'n tafel se blad. Maar naby die suidwestelike uiteinde van die plato lê 'n lang regop duin, wat met verlede week se sandstorm nog daar opgestryk het.

D'Arlan loop 'n paar treë vorentoe asof hy meen dat hy op daardie manier beter sal kan sien.

Hy verstel nog vinnig aan sy verkyker.

Is hy besig om gesigte te sien en drome te droom?

Dit kan eenvoudig nie wees nie! Nee, sy sinne moet besig wees om hom te bedrieg.

Legioensoldate... Nee! En tog is dit... Wat op dees aarde gaan aan?

Die kêrels sien dit almal met hul blote oë, hoewel hulle die besonderhede nie so goed soos D’Arlan kan waarneem nie. Ver vooroor geboë, stap Fritz Mundt vinnig na die kaptein toe, gaan staan langs hom en sê. “*Mon Capitaine*, wat op aarde is nou gaande? Dit is dan Legioenmanne daardie... en tog...”

“Ek wens ek het geweet wat hier aan die gang is,” sê D’Arlan. “Dit slaan my heeltemal dronk...”

Die manne kom almal nader, hul nekke vooruit gestoot en kom staan in ’n halfmaan hier om hul aanvoerder.

Om die punt van daardie duin, seker ’n myl voor hulle, het ’n streep kamele gehardloop gekom, op volle vaart en met hulle sterte in die lug. Toe die kêrels hulle die eerste keer gesien het, het daardie kamele beweeg asof die duiwel agter hulle was. Op elkeen van daardie kamele is ’n ruiter en op party selfs twee.

En toe kom die perderuiters agter die duin uit... Hulle beweeg langs die streep kamele op, asof hulle die kameelruiters wil insluit.

En toe begin die skote val.

Die een kameel na die ander word platgetrek en slaan in ’n damp stof neer.

Dit alles is vir D’Arlan ’n raaisel.

Maar die grootste raaisel vir hom is dat daardie ruiters soldate van die Vreemdelegioen is! Ja, daardie perderuiters is soldate van die Legioen.

En dit is hulle wat skiet. Hulle is besig om daardie kamele die een na die ander dood te skiet!

“*Mon Dieu*!” sug D’Arlan en kyk stip met die verkyker. “Sien julle ook

wat ek sien?”

“*Qui Capitaine*,” sê die klompie manne in ’n koor.

“Maar daar is tog nie Legioensoldate in hierdie omgewing nie! Ons is die enigste patrollie wat op hierdie oomblik buite Dini Salam is. En die volgende naaste fort is 250 myl hiervandaan. En tog, daardie is Legioenmanne. Kyk na hul mantels, kyk hul kepies... Hulle het blou broeke aan...”

“Hulle is sonder die minste twyfel Legioenmanne,” sê Fritz Mundt en stik nog ’n slag aan Podolski se brandewyn.

Die skietery het nou opgehou en die oorblywende kamele is tot staan gebring. Die groep van omtrent vyftien kamele is nou heeltemal deur die perderuiters omsingel.

In die lig van die laatmiddag son sien hulle die kort blitse en hulle weet dat die Arabiere op die oorblywende kamele blykbaar met hul krom messe probeer weerstand bied. Dit duur egter nie baie lank nie.

“Voorwaarts!” beveel D’Arlan meteens en begin deur die swaar, los sand aandraf in die rigting van hierdie vreemde skouspel voor hulle. Die manne volg hom op ’n gemaklike draffie, want hoewel hulle doodmoeg is na vandag se lang skof deur die verterende hitte, voel hulle nou opgewonde om te sien wat hier aangaan.

So in die hardloop haal D’Arlan sy groot Duitse Luger-rewolwer uit en skiet drie kort skote na mekaar die lug op.

Dit bring beroering onder die groep daar voor die punt van die duin. ’n Paar van die ruiters breek uit die groep weg en jaag ’n kort entjie in die rigting van D’Arlan en sy manne. Dan steek hulle weer vas en swaai om.

Die volgende oomblik is daar beweging. Die ruiters het ’n kring gevorm met die oorblywende kamele tussen hulle. Hulle swaai om en begin vinnig terug te beweeg in die rigting van waaruit hulle so pas gekom

het.

D’Arlan skreeu op hulle om te wag. Hy skiet weer ’n paar skote af, maar die snaakse karavaan steur hulle nie aan D’Arlan nie.

Binne ’n paar minute het hulle weer verdwyn agter die punt van die duin in.

D’Arlan steek meteens uitasem in die sand vas. “Nou ja, slaan my dood!” sê hy. “Ek het al baie snaakse dinge in die Sahara gesien, maar hierdie is seker die snaaksste spektakel wat ek nog ooit aanskou het.”

“Dalk kom daardie manne van Fort Metz af,” doen Teuns Stegmann aan die hand.

D’Arlan skud sy kop stadig. “Fort Metz is minstens tweehonderd myl na die ooste geleë, *mon Legionnaire*... Wat sal hulle hier kom soek? En selfs al is dit van Fort Metz se manne, sal hulle nie in hierdie gebied beweeg sonder dat hulle kolonel Le Clerq laat weet het nie. Per slot van rekening, voer hy bevel oor hierdie gebied.”

“Buitendien,” sê Jack Ritchie tussenin, “as dit manne van Fort Metz is, waarom stert in die lug padgee as hulle ’n kolonne van die Vreemdelegioen sien aankom?”

“Ja, dit is nog die merkwaardigste van alles,” sug D’Arlan terwyl hulle nou vinnig aanstryk na waar die vyf of so kamele dood lê. “Legioenmanne sal tog nie vir Legioenmanne weghardloop nie, of hoe?”

“Snaakse affêre,” sê Fritz Mundt en byt ’n yslike pruimpie af om die smaak van Podolski se snaakse brandewyn uit sy kiewe te kry. “Baie snaakse affêre... en tog dit is Legioenmanne...”

Daar lê vyf kamele dood in die sand, maar nie een Arabier nie!

D’Arlan steek by ’n bloedkol vas... en hy kyk van die sleepsel na die bloedkol af en dan na die spore. Hy kyk vraend op na Teuns Stegmann wat hier langs hom kom staan het.

“Gewond, daardie Arabier is gewond, *mon Capitaine*,” sê Teuns. “Maar hulle het hom klaarblyklik saamgeneem. Al was hulle so haastig...”

“Wie sê dit was nie een van die perderuiters wat hier geval het nie?” vra D’Arlan om hierdie dapper Suid Afrikaner se waarnemingsvermoë op die proef te stel.

“Die spore hier bewys dat hierdie man van ’n kameel af geval het, *mon Capitaine*, en die spore bewys verder dat hy toe op ’n perd getel is,” sê die lang, blonde man met ’n fyn glimlaggie.

D’Arlan klap hom liggies tussen sy breë, hoekige skouers en sê waarderend. “Korrek.” Jy behoort in die geheime diens van die Vreemdelegioen te wees, *mon ami*...”

“Ek is heeltemal gelukkig as manskap onder *Capitaine* D’Arlan,” sê Teuns verleë. Dan spring hy ’n paar treë weg, buk vinnig en tel iets uit die sand op.

Teuns se gesig trek saam van verbasing. Met hewige konsentrasie staar hy na die voorwerp in sy hand... Die voorwerp wat die kamele en die perde in die kort worsteling hier byna onder die sand toegetrap het.

Voetjie-vir-voetjie kom Teuns na D’Arlan toe aangestap. “*Mon officier*,” sê hy sag en hees, “kyk net ’n bietjie hier!”

D’Arlan ruk die voorwerp feitlik uit Teuns se hand en toe staan al die manne om hom en staar na die voorwerk in D’Arlan se hande.

“Goeie hemel!” roep D’Arlan hard uit. “Wat op aarde gaan hier aan? Hierdie is ’n Metro, een van die allerjongste snelvuur rewolwers wat gemaak word. Dit het nou pas op die mark verskyn. Hulle sê hy skiet soos ’n moderne masjiengeweer... Kyk net na sy magasyn... Dit vat seker minstens vyftien klein snelkoeëls... Drie weke gelede het ons in Dini Salam besonderhede oor hierdie kalant gekry.”

“Waar sou hierdie mense daaraan gekom het, *mon Capitaine*?” vra Jack Ritchie en hy neem die vraag so uit die monde van al die ander

manskappe.

“Dit weet die duiwel alleen,” sê D’Arlan. “Maar van twee dinge is ek heeltemal seker, hierdie skietding is nog nie aan die Vreemdelegioen uitgereik nie en dit sal my verbaas as eenvoudige kameeldrywers soos die wat blykbaar hier voorgekeer is, so ’n moderne wapen by hulle sal dra.”

“Dit maak die geheim nog interessanter,” sê Fritz Mundt en sy blou oë vonkel, want as daar een ding is waarvan hierdie groot Duister hou, dan is dit geheime.

“Ek sê vir julle hier is ’n groot skroef los,” sê D’Arlan en stap na die naaste kameel. “Kom maak hierdie een se rugpak oop,” beveel hy die manne.

Hulle maak dadelik die toue om die rugpak van die dooie kameel los. En wat hulle daar uithaal, bevestig D’Arlan se vermoede dat dit maar net ’n gewone handelskaravaan was wat hier voorgekeer was. Uit die rugpak kom dadels... lekkers... systukke... linne... tabak... ’n velsak met Arabiese wyn... krale...

Verder is daar niks besonders in nie.

Hulle ondersoek ook die rugpakke van die ander kamele. Daar is dit presies dieselfde storie, dit bevat net doodgewone handelsware.

“Hmm,” sê D’Arlan toe hulle klaar is, “hierdie karavaan was seker op pad na ou El Abbas by El Wadak. Hierdie goed is seker alles bestem vir die feestelikhede in verband met die oorhandiging van die medalje...?”

Dan kyk die kaptein langs die hoë duin af en hy sien die stofkolom in ’n suidwestelike rigting, maar die vreemde ruiters is nie meer sigbaar nie, want hulle het teen die plato afgesak en tussen die chaos van kleiner duine onder die plato in verdwyn.

“As ons net nader was,” sê D’Arlan dan teleurgesteld. “Dan het ons vandag dalk hier ’n groot geheim ontbloot. Kom, laat ons trek na El